

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die ere diens deelneem deur net op die skakel te druk.-

Video YouTube – <https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g>

Facebook - <https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/>

Audio Kerkdienstgemist – [https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-](https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand)

[Waterkloofrand](https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=1) Gereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=1

EREDIENSTE VANDAG

Vanoggend se ere diens word gelei deur *ds. Jan-Louis Lee*.

Ds. Lourens du Plessis sal die aander ere diens lei.

Ons bid beide die seën van die Here toe op die Woordverkondiging.



KOLLEKTES

Tydens die ere diens: Diakonie
By die deure: Kerkkas

DIENSBEURTE

Sondag 25 Oktober

Oggend: Wyke 1 & 2

Oudle. Hennie Steenkamp
Johan Reynders

Diakens: Deon van der Merwe
Leon Haasbroek
Phillip Fourie

Aand: Wyke 3 & 4

Oudle: Henning Noëth
Gerhardt Koekemoer

Diakens: Kenneth Boy
Anton de Jager

TEESKINKBEURT

Die susters van wyke 10 & 14 olv Mia Geringer en Marjan van der Walt nooi almal hartlik uit om na die ere diens saam te skink en drink.

PROGRAM VIR DIE WEEK

Maandag:

Graad 8: 17:15-18:00

Graad 11: 18:00-18:45

Graad 9&10: 19:15-20:00

Donderdag:

09:30 Bybelstudie in Konsistorie

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

"Die Here sal jou beskerm teen elke onheil; Hy sal jou lewe beskerm."

Ps. 121:7

Dinsdag 27 Oktober

Estie Booysen 060 391 5896

Nadia Snyman 071 679 3062

Woensdag 28 Oktober

Emrie van Tonder 084 461 3159

Donderdag 29 Oktober

Adriaan Vermaak 066 485 2784

Hartlik geluk aan Nadia Snyman en Adriaan Vermaak wat beide die week hulle 21ste verjaarsdag vier.

Mag die Here julle ryklik seën en mag julle elke dag bewus wees van Sy liefde en genade.

MEELEWING

Met leedwese maak ons bekend dat *sr. Drieks Snyman* Woensdagoggend in haar slaap oorlede is. Sy was op 2 weke na 97 en die weduwee van ds Lood Snyman. Ons bid die familie die vertroosting van die Heilige Gees toe.

Sr. Joey Lindeboom (81) 082 446 5927 se gesondheid gaan baie vinnig agteruit. Ons bid haar en haar kinders *Jaco* 083 308 5857 en *Lisl* 072 127 2361 en hulle kinders krag en sterkte

toe in hierdie moeilike tyd. Mag die Here julle vashou in die holte van sy Vaderhand.

Ons vra ook u voorbidding vir *Rinus van Heerden* (22) 079 504 8319 wat dringend wag op 'n nuwe nier. Ons bid dat die Here jou en jou ouers en familie sal vashou in Sy liefdevolle genade en julle sal versterk. (Sien meer besonderhede op 'n los blaadjie.)

Gerhard du Preez, 073 733 3337 h jong lidmaat (19) van ons gemeente, het ingekom vir die IOCMI (International Orchestral Conducting Masterclass Initiative) wat plaasvind in Bloemfontein. Hulle het 5 dirigeerstudente gekies om vir 4 dae om die Vrystaat Simfonie Orkes te dirigeer en intensiewe meesterklasse te ontvang van twee internasionale beroemde orkesdirigente.



"Die Here God is ons krag en ons beskerming, die Here gee genade en eer, Hy weerhou die goeie nie van dié wat reg lewe nie. Here, Almagtige, dit gaan goed met die mens wat op U vertrou! "

Psalm 84:12 en 13

ATTESTATE

Theuns van Wyk 082 949 8405 het met attestaat van Potchefstroom weer by ons gemeente aangesluit. Hartlik welkom terug in ons gemeente. Ons vertrou dat jy sommer gou sal inskakel.

Dries Jansen van Vuuren het met attes na Hartbeespoortgemeente vertrek.

Ons wens jou alles van die beste toe.

BEROEPENUUS

Beroep ontvang

Ds KP (Karel) Steyn van GK Port Elizabeth na GK Benoni as medeleraar

MOOIPLAATS BEDIENINGSPUNT

BELANGRIKE AFKONDIGING

Neem asseblief kennis dat die voorgenome Gemeentevergadering met die oog op 'n bedieningspunt in die Ooste van Pretoria, volgende Sondag **1 November 2026** sal plaasvind.

Die Mooiplaats Bedieningspunt kommissie nooi u hartlik uit na hierdie Gemeentevergadering en is opgewonde om die werksaamhede van die kommissie met u te deel. U word ook uitgenooi om vrae vooraf of tydens die Gemeentevergadering aan enige van die kommissie lede te rig.

1 NOVEMBER

GEMEENTEVERGADERING

NA DIE OGGENDDIENS

*Agendapunt - Mooiplaats
bedieningspunt*

*Elkeen van u word hartlik uitgenooi om
die gemeentevergadering by te woon.
Sien gerus die betrokke inligtingstuk
wat versprei gaan word.*

PROGRAM VIR DIE RES VAN DIE JAAR

1 November: Gemeentevergadering
5 November:

18:30 Evangelisasiekommissie

19:30 Bedieningskommissie

7 November: Kerkraad Afsluiting

8 November: Voorbereiding
Katkisasie Sluit

10 November: Jeug van Gister
(Afsluiting)

15 November: Nagmaal
Gemeente-ete

19 November: IKK Afsluiting

21 November: Jong Lote Afsluiting

29 November: Kersprogram

SENIORS SE LENTE-ETE



Verlede Saterdag was voorwaar 'n Smul Saterdag. Nie net het ons gryskoppe heerlik gesmul aan die smaaklike Hollandse disse waarmee Ronel, Rina en hulle spanne vir ons mee getrakteer het nie, maar kon ons ook ons siele verkwik het met ons dominee en sy broer se sangstemme onder begeleiding van ons bekwame raakvatter Ronel Berry, en Henning Noëth!!!

Ons almal het so lekker gekuier en weer bande met medegelowiges versterk. Dan besef mens weer opnuut hoe bevoorreg ons

is om in geloofsliefde gekoester te word.

Baie baie dankie aan ons Hemelse Vader en aan julle wat so hard gewerk het om dit vir ons so spesiaal te maak.

GEMEENTEKAMP

Twee weke gelede het sowat 60 van ons gemeente se lidmate 'n heerlike naweek by Bosveld Oase beleef. Ons het saam ge-eet, gekuier, speletjies gespeel, geswem en die jong lote het fietsgery en trampolien gespring en nog baie dingetjies gedoen. Ons het Saterdagoggend o.l.v. ds. Jan-Louis 'n sinvolle toerustingsgeleentheid gehad oor "Die huisgesin van God" met insette van ander lidmate. Saterdagmiddag het ons 'n "Amazing Race" gehad wat vol pret was. Saterdagmiddag het ons almal saam gesmul aan 'n sag gebraaide skapie met ander bykos. Saans het ons lekker saam gesing tydens huisgodsdienste.

Sondagoggend het almal na die erediens en koffie en koek, hulle motors gepak en met 'n geesvervulde en gelukkige gemoed die tog huis toe aangepak.

Baie dankie aan die IKK kommissie en almal wat gehelp het om die kamp 'n sukses te maak.

Ons het die kamp reeds bespreek vir 2027.

Sien nog foto's op die kennisgewingsbord.





JONG LOTE (0 – 10 jaar)

Indien daar ouers is met kinders tussen 0 – 10 jaar wat nog nie op die Jong Lote se WhatsApp groep is nie, kontak asb vir Tommie Venter 083 653 4339 om jou naam op die groep te plaas.

DIE VYF SOLAS WAT DIE KERK HERVORM HET

Verstaan jy wat dit beteken om protestant te wees? Lees hier meer oor die beginsels van die Reformasie wat daartoe gelei het. Daar is 'n spreuk wat sê: As jy nie weet waar jy vandaan kom nie, weet jy nie waarheen jy op pad is nie. Daarom is geskiedenis dikwels so belangrik – veral kerkgeskiedenis. Ons sien daarin hoe God getrou bly aan sy belofte om die kerk te vergader, beskerm en te onderhou (HK Sondag 21). Oktober is tradisioneel bekend as Hervormingsmaand, waarin ons die wonderlike geleentheid het om die erfenis wat vir ons nagelaat is as gereformeerdes (of protestante!) te oordink.

FEESTYD
BEDERFIES

Ten bate van Paul Kruger Kinderhuis

Kom ons span saam en maak hierdie feesseisoen spesiaal vir die kinders van PKK.

Bring en los in die kersaal:

- Lekkergoed
- Koeldrank
- Chips
- Spesiale bederfies
- Gebruik jou inisiatief - dit word alles waardeer!

Keerdatum:
15 November 2026



Wat beteken dit as ons sê ons is 'gereformeerd' of 'protestant'?

Baie mense het 'n negatiewe koppeling gemaak met

hierdie twee woorde, terwyl dit bloot 'n belangrike beweging, wat reeds ouer as 500 jaar is, verteenwoordig: 'n Herontdekking, of terugbeweeg na die Woord van God.

In die Middeleeue het die kerk grof van die Woord af wegbeweeg en allerhande menslike tradisies en beginsels in die kerk ingevoer. Dit het die lewe van gelowiges so oorheers en oorskadu dat die absolute donkerte van werkeheiliging gedreig het om die mense te verswelg. Werkeheiliging beteken dat jy allerhande dinge moet doen om gered te word.

Wat was die grootste dwalings van die Roomse Kerk?

Die kern van die dwalings was die minagting van die Bybel. Die priesters was die enigstes wat die Bybel gelees het, trouens, die grootse gedeelte van die bevolking was ongeletterd. Verder is die apokriewe boeke (menslike geskrifte) by die Bybel as gesagvol gevoeg. Die enigste vertaling van die Bybel was die Vulgata (Latynse vertaling) en die pous se gesag is gelykwaardig aan die Bybel geag.

Naderhand het die kerk se gesag allesomvattend geword, en die Bybel as nuttig – maar nie noodsaaklik nie beskou. Waar die Skrif ons leer dat die sakramente na Christus wys en seëls is van God se beloftes (HK Vraag en Antwoord 66), het die Roomse kerk geleer dat dit die sakrament self is wat red: Die doop self het die krag om jou salig te maak, die brood en wyn red jou lewe. Boonop is daar sewe sakramente; nie die Bybelse twee nie, wat

jou letterlik van geboorte tot graf begelei en red.

Omdat die Bybel nie in die volksmond was nie; en die mense deur priesters en kerkvergaderings gelei is, wat dikwels maar duistere motiewe gehad het, was die mense onbewus van die wonderlikste nuus van die evangelie: Christus alleen red deur sy offerdood aan die kruis. Hulle het rondgetas in die donker, blindes gelei deur onwaardige rentmeesters met 'n onheilspellende en troostelose geloof: Jy moet self iets doen om verlos te word.

Die beginsels van die Reformasie

Dit is hier waar die vyf beginsels van die Reformasie vir ons geweldig belangrik word. Teenoor die dwalings en vergrype van Rome, het daar mettertyd 'n lig opgegaan soos wat God die kerk weer teruggebring het na die waarheid. God het op sy tyd verkondigers van die blye boodskap gestuur sodat die kerk weer sal onthou wat sy vergeet het – manne soos Luther, Melanchthon, Calvyn, Zwingli, Knox en heelwat ander. Mettertyd het die inhoud van die leerstellings wat hulle van Rome onderskei, bekend begin word as die sogenaamde Vyf Solas. Sola is die Latynse woord vir 'Alleen' of 'Alleenlik'.

Die vyf solas

Dié vyf beginsels verteenwoordig die kern van die Hervorming, dit is krities belangrike begrippe in die Protestantse geloof.

Sola Scriptura – Alleen die skrif

Die hele Skrif is deur God geasem (2 Timoteus 3:16-17). God is die eintlike Outeur van die Skrif, en het vanuit sy sorg vir ons en ons saligheid al die dinge wat vir ons noodsaaklik is vir ons verlossing, op Skrif neergesit (2 Petrus 1:21). Die Bybel is die enigste onfeilbare Skrif op aarde, dit is die enigste gesag vir ons lewens en daarom volg ons dit wat die Bybel ons leer. Geen mense, kerkvergaderings of tradisies mag ons anders leer as wat die Skrif so duidelik stel nie.

Sola Fidé- Alleen Geloof

God wek geloof in ons harte deur die Woord. Dit is kennis van die onsienlike, bewyse van dit waarop ons hoop (Hebreërs 11:1). Deur hierdie geloof gryp ons vas aan Jesus Christus se geregtigheid, en besef dat die geregtigheid waarmee ons vrygespreek word – nie van binne ons af kom nie, maar van buite – deur die offerdood van Christus.

Solus Christus – Alleen Christus

Die Skrif leer ons dat daar Een Middelaar tussen God en mens is, wat in staat is om ons met God te versoen. Dit is Hy wat in alles aan die mens gelyk is, behalwe die sonde (Hebreërs 4:15). Christus het die wet in ons plek vervul, dit wat ons nie in staat was om te volbring nie – geheel en al, sonder dat ons 'n enkele sentimeter se werk voor God kon bring waarmee ons gered sou kon word. Alleen op grond van sy werk, kan sondaars tot God nader (Johannes 14:6).

Sola Gratia – Alleen Genade

Omdat dit Christus se werk is, en ons beste daad met sonde bevlek is (Jesaja 64:6) volg dit dat ons redding volkome genade van God se kant af is. Ons kan dit nie verdien nie. Paulus roep dit so duidelik uit in Efesiërs 2:8-9 wanneer hy skryf: "Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie..."

Soli Deo Gloria – Aan God alleen die eer

Uiteindelik bring hierdie beginsels ons voor 'n belangrike slotsom: Dit is alles God se werk, waarop ons bloot 'dankie' kan sê. Ons kan nie roem op ons werk nie, ons kan alleen die eer vir God, wat in sy soewereine genade hierdie waarheid aan sondige mense bedien:

Christus het geleef, gely en gesterf en ook opgestaan sodat ons mag leef. Mag ons dit nooit vergeet nie!



Ontdek die studiemoontlikhede by Mukhanyo Theological College.



Wil jy jou begrip van die Skrif verdiep? Wil jy in die bediening staan?
Wil jy jou diensbaarheid in die gemeente bevorder?
Mukhanyo Theological College bied teologiese opleiding vir jou!

By Mukhanyo glo ons dat deeglike Bybelse opleiding noodsaaklik is om Christene toe te rus om God se Woord te verstaan en Hom getrou te dien.

NEEM DIE VOLGENDE STAP | DOEN AANSOEK VIR 2027

Vir meer inligting stuur 'n e-pos aan study@mtc.ac.za

of besoek www.mtc.ac.za



FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

PREDIKANT

Ds. Jan-Louis Lee
071 640 6013

SKRIBA

Henning Noëth
078 770 7519

EREDIENSTYE

Oggend: 09:00
Aand: 17:30

PASTORALE HULPWERKER SENIORS

Ds. Lourens du Plessis 083 259 9551

BANKBESONDERHEDE

Kerk

Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
ABSA: Rek no. 000 340 685

Diakens

ABSA: Diakonie Spaar Rek.
No. 9139785681

PARKERING

Veilige parkering is ook beskikbaar tydens
oggenderdienste op die terrein van die Laerskool
Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat

e-pos kerk: admin@gkwaterk.co.za

webwerf: www.gkwaterkloofrand.org.za

VOORS DIAK

Phillip Fourie
072 295 5606

UDL. SKRIBA

Péter Wassenaar
082 920 4474

ORRELIS

Hanlie Bekker
066 235 1202

SONDAGKOSTER

Riaan Reinecke
079 903 3930

WEEKKOSTER

Nienke van der Walt 083 398 9080

KANTOOR

Nienke van der Walt 083 398 9080

KANTOORURE by die kantoor

Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.

U kan egter enige tyd 083 398 9080
skakel.

DIAKENS



Snap here to pay



KERKKAS



Snap here to pay

